

MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

APRIL 2015 NO. 4

ONWETTIGE ROMMELSTROOI RAAK ONS ALMAL

Die strooi van onwettige rommel is ‘n ernstige probleem in die //Khara Hais-regsgebied. Die inwoners strooi rommel orals en dit veroorsaak nie net onhigiëniese toestande nie, maar het ook groot finansiële implikasies vir die Raad sowel as die belastingbetalers.

Die Munisipaliteit //Khara Hais doen ‘n beroep op almal om nie rommel te strooi nie. Die Munisipaliteit probeer sy bes om vullis gereeld te verwyder. Die redes waarom onwettige rommelstrooiing onder andere plaasvind, is omdat die inwoners nie voldoende samewerking gee deur die vullissakke op die bepaalde tye uit te sit sodat dit verwyder kan word nie. Mense toon ook baie min respek teenoor inwoners van die nabygeleë woonareas en huise waar hulle rommel in die strate en parke strooi.

Rommelstrooi kan bekamp word indien ons begin om respek teenoor ons mede-inwoners te betoon. Die Raad doen ‘n beroep op alle inwoners en besoekers van die //Khara Hais-regsgebied om onwettige rommelstrooiing te bekamp.

Burgemeester LA Koloi

HERREGISTRASIE VAN HULPBEHOEWENDE VERBRUIKERS 2015 / 2016

Die proses van herregistrasie as hulpbehoewende verbruikers in die //Khara Hais-regsgebied vind jaarliks plaas. Alle geregistreerde hulpbehoewende verbruikers moet jaarliks tussen 1 April en 30 Junie herregistreer. Maak dus asseblief seker dat u herregistreer.

WIE KWALIFISEER AS HULPBEHOEWENDE VERBRUIKER:

- Alle persone binne die //Khara Hais regsgebied.
- Die aansoeker moet die perseel bewoon en die verbruikersrekening moet in sy/haar naam wees.
- Indien u nie die eienaar van die eiendom is nie, moet die dienste op u naam wees.
- Die gesamentlike inkomste van die bewoner en sy gade moet nie die bedrag van twee (2) maal welsyntoelae oorskry nie.
- Slegs persone met een eiendom op sy/haar naam mag aansoek doen.
- Kinders wie se ouers oorlede is, en daar is nog nie ‘n boedel geregistreer nie, moet die water en dienste op hul naam aansluit. Hulle moet die huis bewoon en kwalifiseer as hulpbehoewende verbruikers.

(vervolg op agterkant)

WATTER VOORDELE ONTVANG 'N HULPBEHOEWENDE VERBRUIKER?

- Hulle ontvang 'n subsidie op hul maandelikse verbruikersrekening.
- Geen rente word gehef op agterstallige rekeninge nie.
- Hulle ontvang 50 eenhede krag en 10 kl water per maand, die belasting, vullis– en riooldienste is ook gratis.
- Die installering van voorafbetaalde elektrisiteit- en watermeters vorm deel van die registrasieproses.

WATTER DOKUMENTE HET 'N PERSOON NODIG OM AS HULPBEHOEWENDE VERBRUIKER TE REGISTREER?

- ID-dokument van man en vrou
- Jongste bewys van inkomste of beëdigde verklaring van werkloosheid.
- Indien die eienaar oorlede is, moet 'n testament of boedelbewys asook sterftesertifikaat ingedien word.
- Indien u 'n pensioen of toelaag ontvang, moet u 'n CPS-strokie of bankstaat (een maand) indien.

Kontak die Rekenmeester: Invordering by 054 338 7031 vir meer inligting.

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE IN //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VERKOPERS	ADRES	TEL
Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819 / 073 146 1262
Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	073 265 9050
Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	073 019 1789 / 076 019 1789
Virginia Ratshefola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 44 4426
Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkranz	054 751 0092
Abraham Olyn	Bougainvillastraat 41, Louisvale	082 730 2334 / 04 612 1104
Ennie Malgas	Johnny Goeiemanstraat 35, Rosedale	082 427 5162 / 061 281 4206 / 076 719 4971

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

MAART / APRIL 2015

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
20 MRT	1, 2, 4, 18	02 APR	9, 7, 11, 10
23 MRT	23, 5, 22, 25	07 APR	31, 45, 12, 84
26 MRT	29, 20, 27, 35	08 APR	43, 32, 33, 13
27 MRT	37, 3, 36, 6	09 APR	47, 16, 14, 39
30 MRT	38, 46, 42, 21	10 APR	28, 19, 41, 15
31 MRT	44, 8, 24, 30	13 APR	17, 40
01 APR	80		

APRIL / MEI 2015

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
24 APR	1, 2, 4, 18	07 MEI	9, 7, 11, 10
28 APR	23, 5, 22, 25	08 MEI	31, 45, 12, 84
29 APR	29, 20, 27, 35	11 MEI	43, 32, 33, 13
30 APR	37, 3, 36, 6	12 MEI	47, 16, 14, 39
04 MEI	38, 46, 42, 21	13 MEI	28, 19, 41, 15
05 MEI	44, 8, 24, 30	14 MEI	17, 40
06 MEI	80		

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers.



PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT

APRIL 2015

DATUM	WOONBUURT	PLEK
01 April	Paballelo	Munisipale Kantore
02 April	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
07 April	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
08 April	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
09 April	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
10 - 30 April	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE. (3 April, 6 April & 27 April 2015)